

Hoop aan God se kinders wat ontmoedig is teen teenslae

God will vandag vir jou en my aanspoor om te volhard.

Ons sien vandag

1. Armoede, swak oeste, teenstand van vyande
2. Onderlinge geskille tussen mense en groepe, haat, geweld
3. Mense wat geestelik verval. Teleurstellings
4. Dood – God is te laat

Teleurstellings – Gevaar

- Teleurstellings maak n mens moedeloos. Dit veroorsaak dat mense God se werk nalaat.
- 1. Weens die teleurstelling lewe ek nou soos volg: ????? Almal het teleurstellings en was n teleurstelling vir God voordat hulle tot weergebore gekom het.
- God will jou aanmoedig en sê om daaglik ons werk aan te pak met die sekerheid dat God in beheer is. Effesiers 1
- **Eph 1:20** wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,
- Eph 1:21 bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.
- Eph 1:22 En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,
- Eph 1:23 wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.
- Die toekoms is in Sy hande.
- God is oppad na die eindpunt toe met hierdie aarde en my en jou lewe hier op aarde. Hy het n plan vir ons!!!
- Besef jy jou lewe hier word al hoe korter???
- God weet wat more gaan gebeur. Ons weet niks
- Een oproep.

- **Zec 3:1** Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klæ.
- Zec 3:2 Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?
- Zec 3:3 En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan.
- Zec 3:4 Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek bekleed jou met feesklere.
- Zec 3:5 Daarop sê ek: Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel van die HERE daarby staan.
- Zec 3:6 En die Engel van die HERE het Josua plegtig verseker en gesê:
- Zec 3:7 So sê die HERE van die leërskaars: As jy in my weë wandel en as jy my verordening onderhou, dan sal jy my huis bestuur sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan.
- Zec 3:8 Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit—ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Knecht, die Spruit, laat kom!
- Zec 3:9 Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het—op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek die HERE van die leërskaars, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.
- Zec 3:10 In dié dag, spreek die HERE van die leërskaars, sal julle mekaar uitnooi onder die wingerdstok en onder die vyeboom.

Teleurstellings. Herbou die tempel

Herbou die tempel

Die volk was moedeloos omdat dinge nie verloop soos wat hulle dit verwag het nie. Sagaria beklemtoon dat hulle God se werk moet vooropstel deur die werk aan die tempel met ywer te her vat. Hy sou hulle daarin beskerm.

Verduideliking en betekenis vandag

Dit gebeur maklik dat n mens se prioriteite verkeerd is en dat jy eers na jou eie belange kyk en die belange van God se koninkryk vergeet. Ons moet telkens opnuut leer om eers die koninkryk van God te soek en die toekoms kan ons verder veilig in Sy hande los.

Teleurstelling / Bekeering

Bekeering

Iemand wat nie bereid is om sy eie lewe te beoordeel en om dan reg te stel wat verkeerd is nie, kan hom nie op God se nabyheid en genade beroep nie. Die volk moes hulle tot God bekeer en dan sou Hy hulle weer genadig wees.

Verduideliking en betekenis vandag

Dit is iets wat dikwels gebeur dat mense dink dat God aan hulle kant is of dat Hy aan hulle kant behoort te wees. Die eis tot bekeering beteken dat 'n mens moet seker maak dat jy aan God se kant is. Jy kan jou nie op God beroep as jy nie ook bereid is om in bekering na Hom te gaan nie.

- **Zec 4:1** En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word.
- Zec 4:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: **Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud**, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.
- Zec 4:3 Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.
- Zec 4:4 Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer?
- Zec 4:5 En die engel wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer.
- Zec 4:6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërske.
- **Zec 4:7 Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom!**
- Zec 4:8 En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê:
- Zec 4:9 Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie huis gelê, en sy hande sal dit voltooi; dan sal jy weet dat die HERE van die leërske my na julle gestuur het.
- Zec 4:10 Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe—die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop—met blydschap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?
- Zec 4:11 Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan die linkerkant daarvan?
- Zec 4:12 En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat beteken die twee olyftakkies aan die kant van die twee goue pype wat goud uit hulle laat uitstroom?
- Zec 4:13 Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer.
- Zec 4:14 En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan.

Nuwe hoop. God se salwing

Die Koning kom

Sagaria het beklemtoon dat God in beheer van die geskiedenis is en dat die geskiedenis afstuur op die koms van die dag van die HERE, wanneer die Koning finaal sal kom, Sy koninkryk sal oprig, Sy vyande sal verslaan en oor die hele wêreld sal regeer. So sal alles onder Sy beheer wees.

Verduideliking en betekenis vandag

Selfs wanneer dinge in 'n mens se lewe en rondom jou baie donker lyk, moet jy steeds onthou dat God Koning is en dat Hy regeer. Die wêreld stuur af op die dag van die wederkoms van Jesus Christus, wanneer God se heerskappy finaal en ten volle sal kom. Ons kan seker weet dat ons na daardie dag op pad is.

- Zec 9:9 Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdige en 'n oorwinnaar is Hy; nederige en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.
- Php 1:6 omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;

Uitnodiging